

Vir Breinaalde



MOOI BY JOU DUUR EETSTEL

BENODIGDHEDE: 18 bolle Omega Nr. 5 (50-g-bolle); staalhekelpen van 1,50 mm; 200 x 165 cm wit linne.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; p - picot (= 3 kettingsteke, glipsteek in 1e kettingsteek); pg - picotgroep (= 3 kettingsteek-picot, 5 kettingsteke, glipsteek in picot, nog 'n 3-kettingsteek-picot); herh - herhaal; gs - glipsteek; sp(s) - spatie (spaties); vlg - volgende.

AANWYSINGS: Dié tafeldoek bestaan uit 16 gehekelde kantvierkante wat elk 32 x 32 cm groot is, en aan mekaar én aan die linne vasgewerk word.

Let wel: 3ks vervang 1e lb van 'n rondte, 4ks 'n dsl, ens.

MIDDELMOTIEF: Beginrondte: 10ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24lb in ring, sluit met gs, 1 draai-ks.

2e rondte: 1kb in 1e lb, *15ks, slaan 2lb oor, 1kb in vlg lb*; herh van * tot * nog 7 keer, eindig met 1kb in 1e kb van rondte.

3e rondte: 17kb in elke 15-ks-sp; knip garing af.

4e rondte: 1 kb in 9e van 17kb, *12 ks, 1 kb in 9e kb van vlg 17kb*, herh van * tot * nog 7 keer en eindig met gs in 1e st.

5e rondte: 16lb in elke vlg 12-ks-sp, eindig met gs in 3e ks van 1e lb, 1ks.

6e rondte: *1kb in eerste lb, 6ks, slaan 6lb oor, 1kb in 8e lb, 1pg, 1kb in 9e lb, 6 ks, slaan 6lb oor, 1kb in 16e lb, 1pg*; gs tot eerste 1-ks, knip garing af.

KLEIN MOTIEWE: 1e rondte: Hekel 5ks en sluit met gs tot 'n ring, hekel 15lb in ring; sluit met gs in 3e van 3 begin-ks.

2e rondte: 1kb in 1e lb, *7ks, slaan 2lb oor, 1kb in vlg st*; herh van * tot * nog 4 keer, eindig met 'n gs in 1e kb.

3e rondte: (9kb in elke 7-ks-sp) 3 keer, *in vlg sp hekel 4 kb, 1 verbindings-kb met die 3e van 5 ks van 'n groep picots in middelste motief, 4kb in dieselfde sp*; herh van * tot *, verbind aan vlg groep picots.

Hekel nog 3 groepe van 2 klein motiewe wat aan 3 groepe picots vasgehekel moet word, tussen 2-motiefgroepe, laat 1pg weg.

BLAAR: Groot middelstuk: 1e ry: Hekel 21ks en *1ks, draai en hekel 20kb in 20ks; (1kb, 3ks, 1kb); hekel terug oor die ander kant van basisry met 20kb in die 20ks, 1ks, draai.

2e ry: Hekel kb in agterste lus van elke steek van vorige ry: 21kb in 21kb, in 3ks aan onderste punt van blaar (1kb, 3ks, 1kb), aan tweede kant van blaar 19kb, 1 ks, draai.

3e ry: 20kb, (1kb, 3ks, 1kb) in 3-ks-sp aan punt, 20kb aan tweede kant, 1ks, draai.

4e ry: 21kb, (1kb, 3ks, 1kb) in 3-ks-sp, 19kb, 1ks, draai.

5e, 7e en 9e ry: 20ks, (1kb, 3ks, 1kb) 19kb, 1ks, draai.

6e, 8e en 10e ry: Soos 4e ry, eindig met gs in 1e kb; knip garing af.

Blaartjies aan sykanter: 1e ry: 11ks, draai,

of Hekelpen

9kb in 9ks, (2kb, 3ks, 2kb) in laaste ks, hekel om die punt en in agterste lusse van die 9ks van basisry; moenie 11e st byreken nie — 9kb, 1ks, draai.

2e ry: kb in agterste lusse van elke st van vorige ry; 11kb, oor 1e kant (2kb, 3ks, 2kb) in 3-ks-sp aan punt van blaar, 9kb oor 2e kant, 1ks, draai.

3e ry: 11kb, (2kb, 3ks, 2kb) aan punt van blaar, 11kb, 1ks, draai.

4e ry: 13kb, 2kb, 3ks, 2kb, 11kb, 1ks, draai.

5e ry: 13kb, 2kb, 3ks, 2kb, 13kb, 1ks, draai.

6e ry: 15kb, (2kb, 1ks, 2kb) in 3-ks-sp, 6kb aan tweede kant van blaar, 1gs om die deel by 6e kb vanaf punt aan hoofdeel te verbind, 8kb, 1ks, draai, gs in 1e kb, knip garing af.

Hekel 'n tweede blaartjie en verbind dit aan hoofdeel op dieselfde manier, maar aan teenoorgestelde kant.

BLOMSTEEL: Hekel 'n ketting wat bestaan uit 'n eerste steek wat 3 keer so lank soos 'n deursnee-ks is, gevolg deur 7 gewone ks; draai; hekel 3 kb in eerste 3 ks, hlb in vlg 2 ks, 2lb in vlg 2 ks, 5lb, 1kb (om aan middelste st van 'n pg tussen 2 klein motiewe vas te heg) 5lb in die „lang” ks, vervolg oor tweede kant van ks met 2lb, 2hbl, 3kb, 1kb om met groot middelste stuk van blaar te verbind. Heg af.

Hekel nog 3 sulke saamgestelde blare en werk dit aan die 3 ander hoeke van middelstuk vas.

GROOT ROOSMOTIEWE: 1e rondte: 7ks, sluit met gs in 1e ks om ring te vorm.

Hekel 21lb in ring, sluit met gs in 3e begin-ks.

2e rondte: 1kb in 1e lb, *6ks, slaan 2lb oor, 1kb in vlg lb*; herh van * tot * nog 6 keer, eindig met gs in 1e kb van rondte.

3e rondte: 9kb in elk van eerste drie 6-ks-sps, hekel (4kb, 1 verbindings-kb aan 2e punt van klein blaar getel vanaf onderkant), 4kb in dieselfde sp; (4kb, 1 verbindings-kb aan 1e punt van klein blaar, 4kb in dieselfde sp) in vlg sp; in daaropvlg sp hekel (4kb, 1 verbindings-kb aan groot blaar, steek hekelpen in 9e kb gereken vanaf onderste punt, 4kb in dieselfde sp; (4 kb, 1kb in eerste punt aan onderkant van groot blaar, 4kb) in vlg sp.

Heg af. Voltooi die 4 kante van vierkant met nog 3 stelle van 4 roosmotiewe.

AFWERKING: Werk die verskillende motiewe aanmekaar soos op foto (indien dit nie reeds aanmekaar gehekel is nie) begin daarna vanaf punt van groot blaar soos volg: **1kb in punt, 5ks, 1kb in 2e punt aan bopunt van blaar, 3 ks, 1lb in 2e punt aan linkerkant van groot blaar, 5ks, 1dsl in vlg punt, 14ks*; 1kb in middel van eerste sp van eerste groot roosmotief, 5ks, 1kb in middel van 2e sp van dieselfde roosmotief, 8ks*; herh van * tot * oor die vlg 2 roosmotiewe,

1kb in middel van eerste sp van 4e roosmotief, 5ks, 1kb in middel van 2e sp van dieselfde roosmotief, 14ks, 1lb in 3e punt, gereken vanaf bopunt van vlg groot blaar, 5ks, 1lb in 2e punt, 3ks*; herh van ** tot ** oor vlg 3 kante.

Wanneer hierdie rondte voltooi is, moet 1kb in elke ks, kb of lb van vorige rondte gehekel word om af te werk. Knip garing af.

AFWERKING: Knip die stukke waar gehekelde vierkante ingepas moet word uit tafeldoek, maak 'n smal soom rondom al die rande. Heg die gehekelde vierkante met baie fyn steke aanmekaar en aan tafeldoek soos op foto gesien kan word.

GEBREIDE DOILIE MET RIFFELPATROON

BENODIGDHEDE: Ongeveer 2 bolle DMC Nr. 5; breinaalde van 2,00 mm of 2,75 mm.

MATE: Die lappie is ongeveer 30 cm in deursnee.

AFKORTINGS: r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); tes – tesame; herh – herhaal; m1 – maak een steek.

AANWYSINGS: Beginry: Stel 35(45) ste op.

1e ry: aw 28(38); m1, r2 tes, m1, r2 tes, m1, r3.

2e ry: r 26(36), draai; laat 10 ste ongebrei.

3e ry: * aw 3, m1, r2 tes; herh van * tot laaste 3 ste, m1, r3.

4e ry: r 26(36), draai; laat 11 ste ongebrei.

5e ry: aw 19(29), m1, r2 tes, m1, r2 tes, m1, r3.

6e ry: r 9, aw 19(29), draai; laat 10 ste ongebrei.

7e ry: r 19(29), m1, r2 tes, m1, r2 tes, m1, r2 tes, m1, r2(3).

8e ry: r 10, aw 19(29), draai; laat 10 ste ongebrei.

9e ry: r 29(39).

10e ry: Heg 4 ste af; r 4, aw tot laaste 10 ste, r 10.

Dié 10 rye vorm die patroon; herh dit nog ongeveer 42(62) keer, of tot die doilie rondom plat lê.

AFWERKING: Stoom volgens aanwysings op papierbandjie van verpakking en laat droog word. Ryg 'n draad deur rand in middel en trek dit saam om opening toe te trek. Werk dan opstel-aan afhegrand vas en stoom weer.

Dié doilie lyk mooi wanneer dit so van hekelgaring gebrei word, maar indien wol of breigaring gebruik word, kan met dieselfde patroon 'n pragtige kussingootreksel gebrei word

